

Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



Junie 2014



Práát met jou kinders

Lees binne...

- Die jel, die vloei, die vuur... – 1
- Waar is die kinders? – 2
- Die voorhangsel skeur... – 3
- 'n Nuwe Afrikaanse Bybel – 6

In hierdie uitgawe

- BI 1 Die jel, die vloei, die vuur (Ds Larry van der Walt)
Voornemende Teologiestudente
- BI 2 **Van die redakteur, ds David Barnard**
Waar is die kinders?
- BI 3 **Aktuele sake**
Die voorhangsel skeur... (Ds Chris le Roux)
- BI 4 **Kerkwêreld**
Gemeentedienstenetwerk (Ds Japie Coetzee)
Nuwe aanstelling by die Bybelgenootskap
VTT in Junie 2014
- BI 5 **Kerkwerf**
Die Kerk verloor drie staatmakers
Gepaste kerkmusiek (Ds WP Prinsloo)
Beroepe aanvaar
- Ble 6-7 **Gespreksforum**
'n Nuwe Afrikaanse Bybel (Prof Andries Breytenbach)
Kerklike dissipline (Ds Leon Geel)
Steun aan emeriti (Dr Hennie van Deventer)
Onthou dié datums
- Agterblad **Oordenking**
Ontvang die Heilige Gees! (Dr Annelie Botha)

Waar is die kinders?

Ds David Barnard skryf in die redaksionele berig dat hy dankbaar en opgewonde is oor die meeste jongmense met wie hy kontak het. Hy is dankbaar dat ons in 'n milieu en era leef waar die stem van kinders gehoor kan word. Maar statistieke dui daarop dat 'n groot persentasie gelowige jongmense geen band met enige kerk handhaaf nie. Op grondvlak kan ons ook daarvan getuig. Die meeste gemeentes se erediensopkoms is aan senior lidmate te danke. Hoe lyk ons oor tien en twintig jaar van nou af? Sal daar nog iemand oor wees om die kerkbanke vol te sit? Sommige lidmate is positief en ander weer pessimisties oor ons toekoms as Kerk. Daar is die afgelope jare dikwels gesels oor sekularisasie en ons jeug se ontnugtering met gestruktureerde kerke. Daar is ook heelwat besin oor jongmense se vryheid en die vermoë om self tot gevolgtrekkings rakende hul geloof te kom.

Een van die moontlike redes waarom jongmense afdwaal, is dat ouers soms bepaalde sake verkondig maar ander voorleef. Die bekende beginsel wat in Deuteronomium 6 opgeteken is, naamlik dat God se verordeninge as herinneringsteken aan jou hande gebind moet wees, die merk op jou voorkop, die teks op jou deurkosyne en stadspoorte, behoort ook in ons lewens waar te wees. Elke ouer oordeel self in watter mate hy of sy daarin slaag.

Dieselfde toets word egter ook vir die Kerk opgestel en voorgehou. Is die Kerk kongruent in haar optrede? Ons beskik oor al die toerusting. Ons beskik oor God se openbaring vanuit sy Woord, ons bely dat ons deur die Gees van God gedryf word, ons beleef erns en oorgawe in die besinning oor kerkwees. Ons keer terug na die Woord en soek na die fynere nuanses in ons roeping. Daar is genoeg rede om opgewonde en positief daaroor te wees. Maar dit bly ook van kardinale belang om kongruent in ons optrede te wees. Die verkondiging en die kerkwees moet in lyn met mekaar funksioneer.

Die jel, die vloei, die vuur

Ds Larry van der Walt skryf oor die uitstorting van die Heilige Gees – spesifiek die vertelling in Handeling 2 waar die mense in hul eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het. In Johannes beskryf Jesus

hoe Hy sy Gees sal stuur om as Veretrooster vir die mense te dien. Hierdie Veretrooster kan 'n mens ook nie miskyk in wat hier aan die gebeur is nie. Hierdie groepie mense kan nie anders nie as om te reageer op dit wat hulle fisies sien en hoor gebeur. Hulle het geweet dat die apostels almal van Galilea afkomstig is en daarom ook dat daar 'n redelike verskil in taal was. Daarom hul verbasing dat hulle elke woord kon verstaan.

In hierdie gedeelte leer ons iets van God se omgee vir mense. God kies om in daardie oomblik Homself aan mense openbaar te maak deur die getuigenis van gelowiges, nie in die amptelike kerktaal of dalk eerder sinagogetaal nie, maar in elkeen se moedertaal. Regoor die destydse bewoonde wêreld sou mense daardie dag kon verstaan wat die apostels sê. Wat nog meer merkwaardig is, is dat die Heilige Gees so deur hierdie apostels gewerk het dat hy hulle as *Galileërs* gebruik het. Hulle kon nie al die tale praat wat hulle daardie dag gepraat het nie, maar die Heilige Gees het hulle toegelaat om dit te doen. So kon hulle die woorde van die groot dinge wat God gedoen het aan almal vertel wat daardie dag daar was. So word die diversiteit van die mense in ag geneem.

Praat ons met mekaar oor die werking van die Heilige Gees, behoort ons nooit daardie besondere dag te vergeet nie. Dit vorm eintlik die basis vanwaar ons met mekaar begin praat. As ons met die amptelike tale wat ons aanvaar – en dit sluit ons vooropgestelde idees van wie ons is as individu of kerk – met mekaar praat, gaan ons dikwels verby mekaar praat. Die Heilige Gees kies om met elkeen in hul eie taal te praat. Miskien moet ons die gedeelte dan ook hoor as 'n appèl om die Heilige Gees toe te laat om nie net *met* ons te praat nie, maar ook *deur* ons te praat. Dit vra egter tog iets van ons, naamlik geloof. Geloof dat God deur sy Heilige Gees met ons kan praat en ook deur ons kan praat.

Ons bid dat die Heilige Gees ons elke dag lei; ons aan mekaar bind, sodat ons beter kan jel; en dat sy genade vryelik sal vloei. Dit gebeur wanneer ons luister wanneer God met ons praat in ons eie taal – definitief metafories gesproke – en ons leer om ook in die tale te praat wat God wil hê ons moet.

Die voorhangsel skeur...

Ds Chris le Roux vertel van die klein kapelletjie in Etiopië in die dorp Aksum waar die ark van die verbond glo bewaar word. Is dit waar? Niemand weet nie, want niemand mag daar ingaan nie, behalwe 'n monnik wat die bewaarder van die ark is. As hy die eerste keer ingegaan het, mag hy nooit weer die kapel verlaat nie. Van sy aanstelling tot met sy dood bly hy daar in die kapel. Dan word 'n volgende jong bewaarder aangestel. Hoekom so geheimsinnig? Omdat hulle glo dat mense nie die ark mag sien of aanraak nie, dit is te heilig. Daar word gesê as jy wel ingaan en gaan kyk, sal jy dood neerslaan!

So het Israel in die Ou Testament die ark ook gesien as simbool van God se teenwoordigheid. So heilig, dat dit soms amper as God self gesien is. Daarom het die ark in die Allerheiligste van die tabernakel, en later van die tempel, gestaan. Die Allerheiligste was vir Israel die heel heiligste plek op aarde, God se aardse woonplek. Niemand kon daar ingaan nie, behalwe die heiligste mens, die Hoëpriester, en hy kon dit net eenmaal per jaar op die groot versoendag doen.

So word die voorhangsel simbool van alles wat God van mense weggehou het. Hulle het immers aan God gedink as iemand wat daarbo in die hemel woon, ver en ontoeganklik. Daarom dat sy heiligdom op aarde ook ontoeganklik was. Maar met Jesus se geboorte het dinge verander. Sy geboorte word aangekondig met die belofte dat God nou God-met-ons is, Immanuel. In Jesus se leer en lewe het Hy ook beklemtoon dat God nie 'n veraf, kwaai en veroordelende God is nie, maar 'n God van liefde en ontferming wat by sy kinders wil wees, wat vir hulle 'n Vader wil wees.

Met die kruisiging het die tempelvoorhangsel van bo na onder geskeur, en die heiligdom het oopgegaan. Hebreërs 10 interpreteer dit so: *...ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen...*

Is daar nie vandag steeds voorhangsels wat ons weghou van God as God met ons nie? Voorhangsels in die tempel, nie daar buite in die wêreld nie? Die voorhangsel wat God se liefde seker die ontoeganklikste maak, is liefdeloosheid by hulle wat Hom op aarde verteenwoordig, liefdeloosheid deur die kerk van

Christus. Is geloof nie juis iets wat deur ons liefde sigbaar moet word nie? Liefde in gehoorsaamheid aan die God van liefde. Liefde as manier om God te eer en te dank vir sy liefde aan ons. Waarom is dit so dat die wêreld se beeld van die kerk van die Here 'n beeld van skynheiligheid, veroordeling en liefdeloosheid is? Is dit nie omdat die wêreld die kerk juis so ervaar nie?

Daar is vrye toegang tot die heiligdom, maar op 'n nuwe weg, die weg van geloof in God en aan dit wat Hy vir ons in Christus gedoen het. 'n Weg wat Christus vir ons deur die voorhangsel heen voorberei het.

'n Nuwe Afrikaanse Bybel

Prof Andries Breytenbach skryf oor die Nuwe Testament en Psalms van 'n nuwe Afrikaanse Bybel wat op 12 Maart vanjaar in Kaapstad bekendgestel is. Daar was ook 'n bekendstellingsgeleentheid in Kempton Park op 9 April. Dit gee 'n voorsmaak van die volledige Bybel wat hopelik teen 2018 sal verskyn.

Die versoek vir 'n nuwe vertaling van die Bybel is reeds in 1997 geopper by 'n vergadering van die Kerklike Advieskomitee (die Bybel in Afrikaans). Hierdie komitee bestaan uit verteenwoordigers van byna al die kerke wat Afrikaans in hul eredienste gebruik en dus ook die Bybel in Afrikaans lees. 'n Verteenwoordiger van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het eerste die versoek gerig. Die motivering was dat die belangrikste doel met die 1983-vertaling die weergee van betekenis was, met die gevolg dat beeldende taal, metafore en tipiese Bybelse uitdrukkings in die slag gebly het. Daar was daarom die behoefte vir 'n vertaling wat nader aan die bronteks is.

Daar word drie uitgawes van die volle Bybel beplan. Die eerste en waarskynlik grootste oplaag sal die gewone Ou en Nuwe Testament wees. Dan word daar 'n uitgawe beplan wat die Ou en Nuwe Testament asook die deuterokanonieke boeke bevat en wat hoofsaaklik deur die Rooms-Katolieke Kerk gebruik word. In die laaste plek was daar 'n versoek van sommige kerkgenootskappe dat die Bybelgenootskap 'n Bybel moet laat druk waarin voornaamwoorde en benamings in die Ou Testament, wat deur die Nuwe Testament as verwysings na Christus geïnterpreteer word, met hoofletters gedruk word. Die Bybelgenootskap was bereid om ook aan dié versoek te voldoen.

Een van die groot verskille tussen die huidige vertaalproses en dié van alle voorafgaande Afrikaanse vertalings, is dat die vertalers nie beperk is tot lidmate van die drie Afrikaanse susterkerke nie, maar dat alle kerke en denominasies wat Afrikaans as voertaal gebruik, genooi is om eksegete, brontaalkenners en taal- en letterkundiges te benoem.

Die Bybel: 'n Direkte Vertaling is 'n groot projek wat die Bybelgenootskap aangepak het. Dit kos baie geld om so 'n deeglike stuk werk deur te voer, maar almal wat daarby betrokke is, is oortuig daarvan dat dit die moeite werd is, dat hierdie nuwe Afrikaanse vertaling sal bydra tot 'n nuwe belangstelling in die Bybel en dat dit die geloof van kerkmense, vir wie die vertaling bedoel is, sal versterk.

Ander berigte

Daar is onder andere ook berigte oor die Gemeentedienstenetwerk waarby ds Japie Coetzee betrokke is; drie staatmakers van die Hervormde Kerk wat gedurende April vanjaar oorlede is; en die opdrag van die Kernkomitee vir Kerklike Dissipline, naamlik die herskrywing van die Kerkorde, litigasie en tughandelinge.

Dr Annelie Botha beklemtoon in haar oordenking dat om te praat van God en God se Gees, God as Gees, nie iets is wat net in die Nuwe Testament voorkom nie. In die Ou Testament lees ons in Genesis: *Die Gees van God het oor die waters gesweef*. Die Hebreeuse woord wat ons vertaal met gees, is *Ruach*. Die woord *Ruach* kan vertaal word met wind, asem en gees. Aldrie hierdie woorde is gebruik in die Ou Testament om iets oor God en God se teenwoordigheid in die wêreld te sê. In Johannes word die Griekse woord *Pneuma* vir gees gebruik. Hierdie woord het dieselfde vertalingsmoontlikhede – wind, asem, gees.

In Israel bring die wind verligting en verandering. Die wind het in die winter die aarde vogtig gemaak en in die warm somer die dag afgekoel. Net so voorsien God. God se Gees bring verligting en verandering in die lewens van mense, gee ons 'n ander, beter perspektief op ons lewe en situasie, ons kyk deur God se oë na

ons wêreld, lewe en omstandighede. God se Gees as Asem sê: God gee lewe, is lewe. Jesus wat oor die dissipels blaas, laat ons onthou van God se Gees wat van die begin af al hier op aarde was. Ons onthou van God wat lewe gee. God wat asem, lewe in die mense blaas. God wat nuut begin met mense. God wat voorsien, krag gee sodat ons mense kan lewe. Met die blaas, blaas Jesus nuwe lewe, asem in die harte van die dissipels. Kom blaas Jesus ook asem, nuwe lewe in ons harte. Ontvang ons en die dissipels die Gees van Lewe, die opdrag om dit met ander te deel.